# DIE SKIETLOOD

212e Uitgawe 17 Maart 2023

saam met Koersvas 212

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


**DIE DORDTSE LEERREËLS**

**Hoofstuk 5: Die volharding van die Heiliges**

**Teks 13**. Wanneer die vertroue in die volharding weer lewendig word in hulle wat uit 'n val in sonde weer opgerig word, bring dit geen ligsinnigheid of verwaarlosing van die vroomheid nie, maar eerder 'n baie groter begeerte om nougeset in die paaie van die Here te wandel. Hierdie paaie is vantevore gemaak. Wanneer hulle daarop loop, behou hulle gevolglik die sekerheid van hulle volharding. 'n Verdere gevolg is dat die aangesig van die versoende God - waarvan die aanskouing vir die gelowiges soeter as die lewe en die verberging bitterder as die dood is - nie weer weens hulle misbruik van sy Vaderlike goedheid van hulle afgewend word en hulle só in swaarder gemoedskwellings verval nie. Neque etiam in iis, qui a lapsu instaurantur, lasciviam ant pietatis injuriam procreat rediviva perseverantiæ fiducia; sed multo majorem curam de viis Domini solicite custodiendis, quæ præsparatæ sunt ut in illis ambulando perseverantiæ suæ certitudinem retineant, ne propter paternæ benignitatis abusum propitii Dei facies (cujus contemplatio piis vita dulcior, subductio morte acerbior) denuo ab ipsis avertatur, et sic in graviores animi cruciatus incidant.

**Verklarende kommentaar**

Dit is menslik om versigtig te wees indien die moontlikheid van mislukking en vernietiging voor oë gehou word. Indien die gevolge van mislukking nie so erg is nie, is dit menslik om roekeloos te raak. Die man wat op die spantou loop konsentreer op sy balans. Indien daardie spantou slegs enkele sentimeter van die grond af is, gaan die man minder versigtig wees en net weer voete lig en verder loop. Die Arminius ondersteuners was oortuig dat dieselfde gesê kan word van die lering dat God sy uitverkorenes behoue laat bly. Hulle het beweer dat dit gelowiges roekeloos in hulle lewens maak. Die teendeel is hier die geval. Gelowiges wat in sonde verval het, maak nie misbruik van die veiligheidsnet van God se genade nie.

Na vergifnis en herstel poog gelowiges om met groter toewyding op die weë van die Here te bly. Daardie regte paaie is lank reeds bekend en goed gebruik.

Die mens wat weer opgerig word, in geloof en vertroue herstel word, raak nie ligsinnig of roekeloos nie. Dit maak gelowiges net meer berekend en toegewyd in hulle diens aan God wat hulle in groot genade weer opgerig het. Soos die man wat sy vrou se hart seer gemaak het met een of ander optrede. Hy fokus nie op die herstel wat gekom het toe sy hom vergewe het nie. Bedag op die vergifnis, fokus die man daarop om met groter toewyding so op te tree dat hy nie weer sy vrou seer maak nie. Die soet van vergifnis is welkom, die bitter van oortreding en berou moet vermy word. Die vergifnis maak die ontvanger net meer bewus van die goeie guns en uitkoms wat geskenk is. So strewe gelowiges daarna dat God nie Sy aangesig van hulle wegkeer nie, maar met toegeneentheid na hulle bly kyk.

Die verskriklike moontlikheid van weer oortree en dan in diepe skuldgevoel

verval, dryf gelowiges daartoe om nie weer te oortree nie, maar eerder met hernude ywer die Here te dien en gehoorsaam aan Hom te wees en te lewe. Hierdie volharding in die geloof kweek op sy beurt weer verdere geloofsekerheid. Dit is 'n positiewe siklus wat die gelowige tot hernude toewyding aanspoor. Dit bring verdere sekerheid en kalmte van gemoed.

**Teks 14**. Dit het God behaag om hierdie Goddelike genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin. So bewaar Hy dit, sit Hy dit voort en voleindig Hy dit deur die aanhoor, die lees en die oordenking van die evangelie, deur die aansporing, vermanings en beloftes daarin en ook deur die gebruik van die heilige sakramente. *Quemadmodum autem Deo placuit, opus hoc suum gratiæ per prædicationem Evangelii in nobis inchoare; ita per ejusdem auditum, lectionem, meditationem, adhortationes, minas, promissa, nec non per usum sacramentorum illud conservat, continuat, et perficit.*

**Verklarende kommentaar**

God is nie net die een wat geloof verwek deur die verkondiging van die Evangelie nie. God onderhou en bou die geloof van die uitverkorenes op twee maniere.

Aan die een kant is die verkondiging van die Evangelie juis die instrument wat die mens bring tot redding. Daarna is die verkondiging van dieselfde Evangelie die instrument wat geloof bewaar en laat uitbrei en groei. Dit is dieselfde Evangelie waardeur God se genade-plan voleindig sal word, met ander woorde wat gaan maak dat ons die ewige lewe ingaan.

Hierdie Evangelie wat elke Sondag verkondig word, word deur die Here gebruik om die uitverkorenes in bewaring te hou. Die Evangelie is met ander woorde 'n belangrike element van ons bestaan. Hierdie Evangelie van redding moet aangehoor word, verkondig word, nagelees word en oordink word.

Die volheid van die Evangelie moet oordink en verkondig word. Dit beteken dat die aansporing tot getrouheid aangehoor moet word. Daar moet ag geslaan word op die aanmanings en waarskuwings wat in die Bybel opgeneem is. Dit beteken ook dat die beloftes in die Evangelie verwoord ter harte geneem moet word en op staat gemaak moet word. Die volheid van die Bybel moet geken, bely, en oordink word. Enige poging om iets uit die Evangelie weg te laat, is 'n jammerlike verskraling van die volle boodskap van God.

Die Here maak ook gebruik van die sakramente as 'n instrument om Sy kinders in geloof te hou. Gelowiges moet daarom aangemoedig word om die sakramente te gebruik. Met die Doop word gelowiges in die dood en opstanding van Jesus ingelyf. Dit is eenmalig soos die dood en opstanding van Christus was. Die Nagmaal is die herhalende sakrament wat gelowiges telkens herinner aan die dood en opstanding wat eens vir altyd was sodat die sonde, straf en dood eens en vir altyd oorwin kan bly. Deur die sakramente word gelowiges telkens aan God se genade herinner en word hulle in hulle geloof versterk en gehou.

**Teks 15.** Hierdie leer van die volharding van die ware gelowiges, dit wil sê die heiliges, en van die sekerheid daaroor, het God tot eer van sy Naam en tot troos van die gelowiges uitvoerig in sy Woord geopenbaar en in die harte van die gelowiges ingeprent. Die sondige natuur verstaan hierdie leer nie, die Satan haat

dit, die wêreld bespot dit, onkundiges en huigelaars misbruik dit en dwaalgeeste bestry dit. Die Bruid van Christus het dit egter altyd as 'n skat van onberekenbare waarde innig liefgehad en dit volhardend verdedig. God sal sorg dat die kerk dit ook in die toekoms doen. Teen God kan geen beplanning stand hou nie, nog minder kan geweld iets teen Hom vermag. Aan hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid tot in ewigheid. Amen. *Hanc de vere credentium ac sanctorum perseverantia, ejusque certitudine, doctrinam, quam Deus ad nominis sui gloriam, et piarum animarum solatium, in verbo suo abundantissime revelavit, cordibusque fidelium imprimit, caro quidem non capit, Satanas odit, mundus ridet, imperiti et hypocritæ in abusum rapiunt, spiritusque erronei oppugnant; sed sponsa Christi ut inæstimabilis pretii thesaurum tenerrime semper dilexit, et constanter propugnavit: quod ut porro faciat procurabit Deus, adversus quem nec consilium valere, nec robur ullum prævalere potest. Cui soli Deo, Patri, Filio, et Spiritui Sancto sit honor et gloria in sempiternum. Amen.*

**Verklarende kommentaar**

Gelowiges is die heiliges, met ander woorde hulle is die mense wat vir die Here afgesonder is. Om van heiliges te praat, is om van gelowiges te praat. Dit sê iets oor God se genade en hulle wat afgesonder is vir die Here se status, nie iets oor hulle eie wese waarop hulle selftrots kan bou nie. Om heilige genoem te word, is aanduiding van God se genade en roeping. Die heiliges se volharding kan aan God toegeskryf word. Heiliges hoef nie oor die saak te spekuleer nie. Die Bybel handel volledig oor die saak. Die Woord van God handel volledig daaroor sodat God se eer duidelik kan blyk en die gelowiges - heiliges - in die troos kan lewe dat God hulle afgesonder het en vashou.

Hierdie versekering is duidelik in die Woord verwoord en dit word in die harte van gelowiges ingeprent.

Teologie is 'n komplekse dissipline en sake moet op die regte plek bespreek en oordink word. So is dit ook met die leer oor die volharding van die gelowiges. Dit is 'n leerstuk wat midde in gelowige geselskap bespreek word. Buite geloof om word die leerstuk nie verstaan nie. Ongelowiges kan dit nie verstaan of aanvaar nie.

Die mens se sondige en self-verheffende natuur kan die leer nie verstaan nie. Die Satan haat hierdie leerstuk omdat dit onder andere sy onmag illustreer. Ongelowiges sal telkens van die leerstuk 'n bespotting probeer maak. Mense wat nie glo nie, maar huigel deur hulself as gelowiges voor te doen, asook mense wat nie die suiwer leer aanhang nie, sal hierdie leerstuk bestry. Dit alles omdat hulle nie die leerstuk verstaan nie, of omdat dit aanstoot gee, of omdat hulle in hul onmag ontmasker word. Wat ookal die motivering, vir ongelowiges is die gedagte van God as versorger en behouer van geloof ondenkbaar.

Gelowiges en die kerk in die algemeen, hou vas aan die troos dat die Here gelowiges vashou en in geloof herstel, self wanneer hulle gestruikel het. God self is ook die waarborg dat die suiwer leer in die kerk die toekoms in behoue sal bly. Geen bose of menslike plan of poging of veldtog kan die Here se handelinge kortwiek nie. Die Here is die Almagtige God aan Wie al die eer toekom.